MEDIA RELEASE
by CHRISTIAN DEMOCRATIC PARTY (CDP)

3 MAY 2011

CDP reageer op Osama-dood

"Die CDP het hoogs vertroulik uit diplomatieke bronne verneem dat Osama Bin Laden deur iemand na aan hom aan die Amerikaanse agente verklik is, ten einde aanspraak te kan maak op die miljoene Rande wat as vergoeding vir hierdie soort inligting deur die Amerikaners belowe is," aldus dr. Christo Landman, die Christen-Demokratiese Party (CDP) se woordvoerder oor Internasionale Aangeleenthede.

"Die implikasie hiervan is vir die CDP duidelik. Internasionale rampokkers soos Bin Laden kan op die langer termyn nie die wraak van groot moondhede, soos die VSA, ontsnap nie. Insgelyks is geld dikwels belangriker as die saak wat so 'n politieke rampokker bevorder en bemark. Die vraag is wat die implikasie van Bin Laden se dood vir internasionale vrede inhou. Daar kan weerwraakaksies op sy dood volg. Insgelyks het president Obama die pad vir homself oopgemaak om nog 'n termyn in die Withuis verkies te word."

"Die onmiddellike implikasie van die beplanning om Bin Laden uit te skakel is dat prins William van Brittanje en sy nuwe bruid nie op wittebroodsvakansie kon gaan soos beplan is nie, vanweë die veiligheidsrisiko wat die prins en sy bruid se vertrek, veral na 'n Islamitiese land, vir hulle veiligheid inhou."

"Die les vir Afrika is dat diktators in hulle spore moet loop, ten einde die wraak van groot Westerse lande vry te spring."

CDP reacts to Osama's death

"The CDP learnt from extremely confidential diplomatic sources that Osama Bin Laden was exposed by someone very close to him, in order to claim the millions of Rands the Americans pay for this sort of information," says Dr. Christo Landman, the Christian Democratic Party's spokesperson for International Affairs.

"The implication of this is clear to the CDP. International bandits such as Osama can no longer escape the wrath of large powers such as the USA. It is also clear that money speaks louder than the cause promoted by such bandits. The international implications, however remain; there may be reprisals and Pres. Obama has probably ensured another term in office as a result of this action."

"One of the immediate implications was that Prince William and his bride could not depart for their honeymoon as planned, since the departure, especially to an Islamite country, created security concerns."

"The lesson to African dictators, who ride rough shod over human rights, is that they need to tread carefully."